

Nuwe Stories 2014

kortverhaalwedstryd

Human & Rousseau en LitNet

nooi Afrikaanse kortverhaalskrywers onder dertig uit om hul ongepubliseerde verhale in te skryf vir die Nuwe Stories 2014-kortverhaalwedstryd. Die skrywers wie se verhale vir die kortlys van die wedstryd gekies word, sal die geleentheid kry om hul verhale na aanleiding van terugvoering van ervare keurders en teksredakteurs af te rond en werksinkels in Kaapstad en Pretoria by te woon. Die skrywers op die kortlys staan ook die kans om 'n kontantprys te wen en hulle verhale sal op LitNet geplaas word.

Geen manuskripte sal ná die keuringsproses aan skrywers terugbesorg kan word nie. Ongelukkig sal daar ook nie verslae of kommentaar aan alle deelnemers gelewer kan word nie. Suksesvolle skrywers sal deur Human & Rousseau in kennis gestel word, waarna die terugvoering- en afrondingsproses in oorleg met die keurders en teksredakteurs sal geskied.

Die kortlys sal in April 2014 aangekondig word.

Navrae en manuskripte kan gerig word aan:

Danita van Romburgh
Tel: (021) 406 3412
Faks: (021) 406 3812
E-pos: dvanromb@nb.co.za

Stuur jou manuskrip na:
Nuwe Stories 2014
Posbus 879
Kaapstad
8000



Human & Rousseau

Die prysgeld lyk soos volg:

1ste prys **R8 000**

Twee naaswennerpryse van **R3 500** elk

Die skrywers op die kortlys sal elk **R1 000** ontvang.

Reëls

Die sperdatum vir voorleggings is 6 Februarie 2014.

Inskrywings moet aan die volgende vereistes voldoen:

- Slegs nuwe en ongepubliseerde Afrikaanse kortverhale sal oorweeg word.
- 'n Maksimum van drie kortverhale per persoon word toegelaat.
- Skrywers mag nie onder 'n skuilnaam inskryf nie.
- Skrywers mag nie ingeskrewe verhale elders voorlê terwyl dit vir die wedstryd oorweeg word nie.
- Die omvang van verhale moet tussen 1 500 en 3 500 woorde wees.
- Die manuskrip moet in dubbelspasiëring getik word.
- Die bladsye van die manuskrip moet genommer wees.
- 'n Inskrywingsvorm moet aan die manuskrip vasgekram word indien dit gepos word – die inskrywingsvorm is beskikbaar by www.humanrousseau.com en www.litnet.co.za of by Danita van Romburgh (haar kontakbesonderhede volg hier onder).
- Verhale sal aanvanklik anoniem beoordeel word. Jou naam moet dus slegs op die inskrywingsvorm verskyn, nie op die bladsye van die verhaal nie.
- Verhale moet in drievoud voorgelê word indien dit gepos word.

Naam: Adres:

..... Poskode:

Telefoon: H W Sel

Faks (Indien enige) E-pos (Indien enige)

Hiermee verklaar ek dat my inskrywing my eie, oorspronklike en ongepubliseerde werk is. Ek het nog nie vantevore hierdie manuskrip aan enige redakteur of uitgewer in die NB-Uitgewerstal voorgelê nie. Ek aanvaar bogenoemde reëls en sal daarby hou.

Handtekening: ID nommer: